HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

# HEIDEKOPPIE NUUS

BELEEF BEHOORT BEDIEN



"Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê:
'Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word.'"
1 Konings 19:7

## EREDIENSTE

**VANDAG**

**Deuroffers:** Koninkryksfonds
**08:30 Contemporary Service**
COMMUNION
Ds Anton
*Rest for the weary servant.*
1 Kings 19: 1-13
**10:15 Klassieke Diens**
NAGMAAL
Ds Anton
1 Konings 19: 1-13
*God gee rus vir die moeë dienaar.*
19:00 Open Door Sundays
Past Adam

## PROGRAM

| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
|---|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Admin Bed verg | 05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>19:00 Huwelikskursus | 09:00 Gebedsgroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | 16:00 Racham | |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |

# BEHOORT




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**Augustus**
17: Dave Human, Lucille Schoonraad
18: Rita Saunders (90jr), Johan Smit (70jr)
19: Freda Immelman
20: Elna Kotzé (90jr), Erna Thierzen




## OPEN DOOR SUNDAYS om 19:00

Die datums van die res van die kwartaal se Open Door Sunday dienste het verander.

**Die nuwe datums is:**
**16 Aug (vanaand), 30 Aug, 13 Sep**






## ONS HET JOU KENNIS NODIG

***Ons benodig raad van persone wat kennis het van***


- **GEUTE**
  en ook van iemand wat kennis het van
- **VOGOPSPORING** ("DAMP DETECTION")

Indien jy kan help, kontak Erika by finansies@heidekoppie.com .
Dankie!

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# BELEEF




## MARIA

Maria was 'n jong Joodse meisie van Nasaret, 'n eenvoudige dorpie in Galilea. Sy het nie 'n hoë sosiale status gehad het nie, maar God het haar gekies vir 'n merkwaardige roeping: om die ma van die Verlosser van die wêreld te wees!

Toe die engel Gabriël die oorweldigende nuus vir Maria gee dat sy geboorte sal gee aan die Messias, het Maria met totale vertroue geantwoord: *"Ek is die Here se diensmaagd. Laat met my gebeur volgens u woord."*

Regdeur Jesus se lewe - tot Sy dood aan die kruis—was Maria aan Jesus se sy.

Soos ander mammas, het sy die vreugde beleef om 'n seun groot te maak, maar hoe hartverskeurend moes dit nie vir haar gewees om haar Seun aan die kruis te sien sterf nie!

Maria se lewe herinner ons daaraan dat God graag gewillige harte gebruik om Sy werk op aarde te doen. Maria se verhaal inspireer ons **om God ten volle te vertrou en gewillig "ja" te sê vir Sy roeping.**

*" ...maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink."*

Lukas 2:19







## DIE BYBEL VIR ALMAL

Hierdie Bybel, wat aanvanklik vir Dowes vertaal is, is die volledige Bybel in 'n eenvoudiger taal.
Dit is 'n hardeband Bybel, so groot soos 'n "gewone" medium-grootte Bybel (wel dikker), met effens groter lettertipe en ook illustrasies en kaarte.
Enige iemand sal kan baatvind by die Bybel, maar dit is veral ook geskik vir laerskoolkinders.

Bestel by die kerkkantoor teen 21 Augustus of aanlyn by https://bibleshop.co.za/product/afrikaans-die-bybel-vir-almal-volledige-bybel-mediumgrootte-volkleur-hardeband-01/





## DIS SOVEEL MEER AS BROODJIES

Om vir ‘n begrafnis tee te bedien of broodjies te maak, is baie meer as net ‘n werkie.

Dit sê ons sien jou nood en behoefte raak en ons wil jou graag op ‘n praktiese manier bystaan.

Ons benodig op die oomblik nog hulp by hierdie omgee-span. Jy kan help met broodjies maak of jy kan in die kombuis behulpsaam wees tydens die teedrink of albei.

Kontakpersoon: Riana by 061 419 5664.



## SKAKEL IN BY DIE OUDIOVISUELE BEDIENING

Ons is bevoorreg om begeleidingspanne en ‘n orrelis te hê wat dit vir ons ‘n vreugde maak om Sondae die Here te aanbid.

Sonder die Oudiovisuele span sou dit egter nie moontlik gewees het nie. Ons het op die oomblik nog lede hier nodig.

Indien jy op ‘n Sondag by klank of data wil inskakel, kontak Thinus Fourie by 083 755 8519. Geen kennis of ervaring is nodig nie.

# WEES DIENSBAAR

## AFLOSKOSTER

Ons het behoefte aan ‘n afloskoster om in te staan wanneer ons koster af is of met verlof is.

Dit sal gewoonlik oor ‘n naweek of in ‘n skoolvakansie wees.

Werk behels o.a. kosterwerk op Sondae, oop- en toesluit en soms ook ‘n bietjie ligte skoonmaakwerk.

Die persoon (man of dame) moet oor eie vervoer beskik, fisies gesond wees en verkieslik iemand wees wat ingeskakel is en tot ‘n mate bekend is met ons kerk-opset.

Daar is vergoeding aan verbonde (per oggend of per geleent-heid). Kontak Jackie by die kerkkantoor vir meer inligting (021 981 2690 / admin@heidekoppie.com).



# HEIDEKOPPIE KOSFEES 2026

Wat is "Heidekoppie Somer Kosfees 2026"? Dis 'n fees waar ons saam die goedheid en grootheid van God vier – saam as gesin, familie en vriende. Dis 'n tyd wat ons met dankbaarheid kan terugkyk oor 'n jaar wat amper verby is, maar terselfdertyd met 'n verwagting vorentoe kan kyk na dit waarmee God ons as gemeente wil seën.

Die sukses van die Kosfees word bepaal deur die hoeveelheid hande en voete wat bereid is om te help, asook die skenkings/donasies wat ontvang word – daarsonder is daar nie 'n Kosfees nie.

Ons besef die lys van wat benodig word is lank, tyd is beperk en finansies druk. Gelukkig kan jy ons, en ander, ryklik seën met goed wat net in jou pad staan – wit olifante, boeke wat jy nie weer gaan lees nie, klere wat nie meer pas nie, ens. – ons ontvang dit graag.

Om te help met beplanning en begroting, wil ons graag vir almal 'n idee gee van watter produkte ons teen wanneer gaan benodig. As jou gawe is om die heerlikste tuisgemaakte lekkers te maak, wil ons dit graag eerder ontvang as wat jy dalk vir ons nie-bederfbare produkte skenk, want nie almal is uithaler kokke nie.

Die lys hieronder is 'n uiteensetting van watter produkte ons teen wanneer gaan benodig. Die presiese details van wat ons gaan benodig, asook hoeveelhede, sal in die afkondiginge deurgegee word.

Dankie!

Stephan Kleynhans (083 293 5716) & Tanielle Sutherland (082 484 4336) - Koördineerders



# HEIDEKOPPIE KOSFEES 2026

| Datum (afkondiginge) | Produkte | Produkte/skenkings deurlopend benodig |
|---|---|---|
| 23 Augustus | Jellie, kitspoeding, koekmeel, olie, suiker, langlewe melk, boksies vla | Kontantskenkings<br>Klere<br>Boeke<br>Wit olifante<br>Plantjies<br>Potjiekos pryse<br>2 liter roomysbakke |
| 30 Augustus | | |
| 6 September | | |
| 13 September | Klere, boeke, plantjies, wit olifante | |
| 20 September | | |
| 27 September | Souse (blatjang, mayonnaise, Jimmysous, Sweet & Sticky) | |
| 4 Oktober | | |
| 11 Oktober | Bacon, Swiss roll, nie-bederfbare lekkers, patties (hamburgers) | |
| 18 Oktober | | |
| 25 Oktober | Tuisgemaakte lekkers, koeke, gebakte poedings, kaas, | |
| 1 November | Tuisgemaakte lekkers, koeke, gebakte poedings, rolletjies (hamburgers en hotdogs), kaas | |



Save the date!

# GETUIENISNAWEEK



**VRYDAGAAND**

GLOW RUN




**SATERDAGOGGEND**

OPEN DOOR MARKET




**SONDAGOGGEND**

UITSTALLING



**SONDAGAAND**

WORSHIP NIGHT



## 4 – 6 SEPTEMBER '26

YOLANDE KORKIE

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

# ALLERLEI




Baie dankie  aan die persone wat hiervoor bygedra het!



JiA benodig 'n fiets  vir 'n volwassene om mee werk toe en terug te ry.
Kontak Elmari by 082 864 4233



Gratis verblyf (met wi-fi) dringend benodig vir 'n volwasse man vir 'n paar maande.
Werk vir homself in makelaarsbedryf.
Het 'n finansiële terugslag gehad. Kontak Ds Anton by 083 504 2613.

### BURGERSKAP: IS DAAR HEMEL-STOF OP JOU VELLIES?

"Wat gebeur as ons nie net kerk dóén nie, maar kerk ís? Wat gebeur as ons vergader, besluit, praat, koop, stem, dien, bestuur, liefhê en protesteer soos mense wat eerstens aan 'n ander koninkryk behoort? Wat gebeur as jou "ekonomie" – jou *oikos nomos*, die reëls van jou huis – nie die ekonomie van wins en selfrealisering is nie, maar een van genade, diensbaarheid en tevredenheid in 'n lewe wat in Christus verborge is? Wat gebeur as ons geloof nie net 'n kruk word wanneer dit swaar gaan nie, maar die longe waarmee ons asemhaal – ook wanneer dit goed gaan?

Dan, sê Paulus, begin dinge verander. Nie noodwendig die wêreld nie, maar ons. En wanneer die kerk verander, kan die wêreld dalk ook."

Lees die hele artikel hier: https://kaapkerk.co.za/hemel-stof-op-jou-vellies/



# GEBED




## 'N KERK TOEGEWYD AAN GEBED

*Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar.* (Kolossense 4:2).

Gebed is die hartklop van 'n gesonde kerk. Deur gebed soek gelowiges God se wil, ontvang hulle Sy leiding en leef hulle in afhanklikheid van Sy krag eerder as menslike vermoë. 'n Biddende kerk word sensitief vir die leiding van die Heilige Gees en is voorbereid op die werk wat God wil doen.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om 'n diep honger na gebed in elke plaaslike kerk te herstel deur gelowiges op te rig wat sy aangesig met volharding, nederigheid en geloof soek totdat Sy wil geskied.
- Bid dat elke gemeente 'n ware huis van gebed sal wees waar die Heilige Gees welkom is, Jesus Christus as Here geëer word en God se teenwoordigheid lewens tot Sy eer verander.

www.jwipn.com

